# GEMEENSKAPSTUDIEFONDS STUDENTE

2020

**INHOUD**

LYS VAN TABELLE ..... 2
LYS VAN FIGURE ..... 2
1. Inleiding ..... 3
2. Navorsingsmetode ..... 3
3. Resultate ..... 4
3.1 Demografie ..... 4
3.1.1 Geografie ..... 4
3.1.2 Geslag en ouderdom ..... 5
3.1.3 Gesinsamestelling ..... 5
3.1.4 Kwalifikasie ..... 6
3.2 Verblyf en behuising van die studente ..... 6
3.3 Vervoer ..... 7
3.4 Ouers se tersiêre opleiding en posisie ..... 7
3.5 Beroepe en werksaamhede ..... 8
3.6 Studierigtings by instansies, lenings en betrokkenheid ..... 12
3.7 Motivering om te emigreer ..... 16
4. Samevatting ..... 18

## LYS VAN TABELLE

*Tabel 1. Beroepe wat die studente beklee* ..... 8
*Tabel 2. Vergelyking van salarisse voor - en na kwalifikasie verwerf* ..... 11
*Tabel 3. Instansies waarby studente studeer het* ..... 12

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1. Provinsies waar die studente woon ..... 4
Figuur 2. Geslag van die studente ..... 5
Figuur 3. Ouderdom van die studente ..... 5
Figuur 4. Studente se huwelikstatus ..... 5
Figuur 5. Studente se gesinne ..... 5
Figuur 6. Studente se kwalifikasies ..... 6
Figuur 7. Tipe behuising van die studente ..... 6
Figuur 8. Studente se verblyfreëlings ..... 6
Figuur 9. Studente se vervoerreëlings ..... 7
Figuur 10. Ouers se tersiêre-opleiding ..... 7
Figuur 11. Beter posisie as ouers ..... 7
Figuur 12. Studente se werksaamhede ..... 8
Figuur 13. Studente se beroepe ..... 8
Figuur 14. Werk in studierigting ..... 9
Figuur 15. Tydperk na studie 'n werk gekry ..... 9
Figuur 16. Tydperk na studie al werksaam ..... 9
Figuur 17. Studie se voordeel en uitkoms ..... 10
Figuur 18. Studie die student finansieel gebaat ..... 10
Figuur 19. Maandelikse salaris voor kwalifikasie ..... 10
Figuur 20. Maandelikse salaris na kwalifikasie ..... 10
Figuur 21. Wyse waarop die studente hulle werk gekry het ..... 11
Figuur 22. Veiligheid in werksposisie tans ..... 12
Figuur 23. Instansies waar studente studeer het ..... 13
Figuur 24. Persentasie studierigtings van die studente ..... 13
Figuur 25. Aansoek om hulp by ander instansies ..... 14
Figuur 26. Hulp om ekstra onkoste te dek ..... 14
Figuur 27. Die SFS aanbeveel ..... 14
Figuur 28. Studielenings afbetaal ..... 14
Figuur 29. Belangstelling in tak-betrokkenheid ..... 15
Figuur 30. Betrokke by HH-projekte ..... 15
Figuur 31. Studente by tak ingeskakel ..... 15
Figuur 32. Projekte wat die grootste verskil maak ..... 15
Figuur 33. Betrokkenheid by die SFS ..... 16
Figuur 34. Ondersteuning van die Beweging ..... 16
Figuur 35. Belangstelling in emigrasie ..... 16
Figuur 36. Verandering nodig in SA ..... 17
Figuur 37. Trekpleister om te emigreer ..... 17
Figuur 38. Trekpleister om in SA te bly ..... 17

## 1. Inleiding

Solidariteit Helpende Hand (voortaan verwys na as Helpende Hand) is ’n welsynsorganisasie geskoei op die beginsels van die Helpmekaar-beweging van 1949. Ons fokus daarop om ’n antwoord te vind op die Afrikaner-armoedekrisis. Ons doen dit deur ons mense se armoede deur middel van verskeie projekte te verlig, te voorkom en te verbreek.

Een van Helpende Hand se grootste fokusareas is die opleiding van ons kinders en jongmense om sodoende te keer dat hulle in die kringloop van armoede beland en vasgevang word. Solidariteit Helpende Hand se Studiefondssentrum (voortaan verwys na as SFS) is in 2009 gestig as ’n platform vir donateurs om behoeftige studente te help, om deur middel van rentevrye studielenings te kan studeer. Tot op hede is daar byna 7 000 studente met ’n totaal van R203 miljoen gehelp, waarvan meer as 2 000 studente reeds hulle studie voltooi het.

In 2012 het daar uit die Helpende Hand-takke ’n natuurlike behoefte ontstaan om uit die gemeenskap vir die gemeenskap studiefondse te stig. Dié gemeenskapstudiefondse kan vir studente in ’n plaaslike gemeenskap deur die geleentheid van tersiêre studies ’n beter toekoms bied. In 2020 bestaan daar 100 gemeenskapstudiefondse wat al vir 130 studente in hulle eie gemeenskappe hoop op ’n beter toekoms kon skep.

Hierdie verslag bied ’n opsomming en verwerking van data uit die navorsingsvraelys wat aan al die afgestudeerde SFS-studente wat vanuit hulle eie gemeenskappe gehelp is, gestuur is. Hierdie studente behoort reeds hul studies te voltooi het. Die studente se stand van sake, finansiële posisie, hul beroepsloopbaan, werksomgewing en motivering om in Suid-Afrika te bly of om te emigreer is onder andere ondersoek. Die doel van die verslag is om aan ons Helpende Hand-takke insig in hul beleggings te gee en te bepaal tot watter mate die SFS ’n daadwerklike verskil in hierdie studente se loopbane kon maak.

## 2. Navorsingsmetode

Helpende Hand het ’n vraelys met 43 vrae opgestel wat aan die afgestudeerde gemeenskapstudiefonds-studente gestuur is, om anoniem te beantwoord. Daar het 55 van die 130 studente aan die opname deelgeneem. Die vraelys se doel was om ’n klomp nodige inligting vanaf

studente te bekom, sodat die rigtinggewende resultate vir gemeenskapstudiefondse 'n strategie kan belyn om nog meer studente deur die fondse te ondersteun.

Die data is met behulp van beskrywende statistiese metodes geanaliseer en word hoofsaaklik deur persentasies in die vorm van grafieke uitgebeeld en beskryf.

## 3. Resultate

Die navorsingsresultate word aan die hand van demografie, die studente se beroepe en voordele van hulle kwalifikasies, asook hulle motivering om te emigreer of in Suid-Afrika te bly, beskryf.

### 3.1 Demografie

Die demografie van die studente wat aan die navorsing deelgeneem het, gaan verduidelik word aan die hand van hul geografiese ligging, ouderdom, gesinsamestelling, kwalifikasies en beroepe, en dies meer.

#### 3.1.1 Geografie




*Figuur 1. Provinsies waar die studente woon*

Die grootste aantal studente wat aan die opname deelgeneem het, woon in Gauteng en in die Wes-Kaap (beide 24%). Die tweede grootste groep deelnemers woon in die Vrystaat (15%), Noordwes (13%) en in Mpumalanga (11%).

### 3.1.2 Geslag en ouderdom




*Figuur 2. Geslag van die studente*




*Figuur 3. Ouderdom van die studente*

Die afgestudeerde SFS-studente wat aan die opname deelgeneem het, is byna in ewewig met 51% vroulike studente, met die grootste persentasie (54%) van studente tussen die ouderdom van 25 en 29 jaar. 36% van die studente is tussen 21 en 24 jaar oud en 10% van die studente is ouer as 30 jaar.

### 3.1.3 Gesinsamestelling




*Figuur 4. Studente se huwelikstatus*




*Figuur 5. Studente se gesinne*

Dit meerderheid van die deelnemers (65%) is steeds ongetroud en het nog geen kinders (87%) nie. Slegs 29% van die studente is getroud, waarvan 13% van die deelnemers 1 tot 2 kinders het.

### 3.1.4 Kwalifikasie




*Figuur 6. Studente se kwalifikasies*

Die meerderheid van die studente (56%) het na afloop van hul studie ’n Baccalaureusgraad verwerf. 18% van die studente het ’n hoër sertifikaat of diploma onderneem en 15% het ’n Honneursgraad verwerf. Slegs 5% van die studente het ’n ambag onderneem of studeer tans.

## 3.2 Verblyf en behuising van die studente




*Figuur 7. Tipe behuising van die studente*




*Figuur 8. Studente se verblyfreëlings*

Die meeste van die studente woon tans in ’n woonstel (49%), waarvan 31% die woonstel met ander deel. Ongeveer 29% het aangedui dat hulle in ’n huis woon saam met hulle huweliksmaats of gesinne en 20% het aangedui dat hulle nog by hulle ouers woon. 16% van die studente huur ’n huisie op ’n eienaar se erf en 8% van die studente woon op ’n plaas of ’n plot.

### 3.3 Vervoer




*Figuur 9. Studente se vervoerreëlings*

Die meeste studente (89%) is bevoorreg genoeg om hulle eie voertuig te besit. Enkele studente loop na hulle bestemming toe (5%) of besit ’n voertuig sonder ’n voertuiglisensie (4%) en 2% maak gebruik van ’n motorfiets.

### 3.4 Ouers se tersiêre opleiding en posisie




*Figuur 10. Ouers se tersiêre-opleiding*




*Figuur 11. Beter posisie as ouers*

Die meeste van die deelnemers (58%) se ouers het ook ’n tersiêre kwalifikasie. Byna 75% van die deelnemers is van mening dat hulle in ’n beter finansiële posisie is as wat hulle ouers op dieselfde ouderdom was. Ongeveer ’n kwart van die studente (26%) meen dat hulle ouers in ’n beter finansiële posisie was as wat hulle is.

## 3.5 Beroepe en werksaamhede




*Figuur 12. Studente se werksaamhede*

Die meeste van die studente (75%) is in ’n voltydse beroep. 15% van die studente het aangedui dat hulle verder studeer en 7% van die deelnemers soek tans ’n werk.

*Tabel 1. Beroepe wat die studente beklee*

| Beroepe van studente | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Onderwys | 15 | 27 |
| Inligtingstegnologie | 4 | 7 |
| Bestuurder / Bourekenkunde / Omgewingsbestuur / Prokureur / Rekeningkunde | 3 | 5 |
| Ambag / Eiendom / Verpleegster | 2 | 4 |
| Dieetkundige / Siviele Ingenieurswese / Ouditeursklerk / Mediese dokter / Maatskaplike werker / Digitale bemarking / HR / Tegnikus | 1 | 2 |




*Figuur 13. Studente se beroepe*

Die grootste groep deelnemers is onderwysers (27%). Verder is daar enkele beroepe soos inligtingstegnologie (7%) en bourekenkunde, rekeningkunde, regte, bestuur en omgewingsbestuur (almal 5%). Die res van die beroepe bestaan verder uit ambagte, eiendom en verpleegkunde (4%). Die res van die betrekkings is slegs enkele persone wat spesifieke beroepe beklee.




*Figuur 14. Werk in studierigting*

Die meeste van die studente (77%) werk tans in die studierigting waarin hulle studeer het.




*Figuur 15. Tydperk na studie 'n werk gekry*




*Figuur 16. Tydperk na studie al werksaam*

Byna die helfte van die studente (42%) was reeds in 'n voltydse beroep voordat hulle studeer het. Meer as 'n kwart van die studente (29%) het binne 'n maand nadat hulle hul kwalifikasie verwerf het, 'n werk gekry en 13% van die studente binne drie maande nadat hulle afstudeer het. Die meeste van die studente (87%) werk al tussen 1 en 5 jaar nadat hulle afstudeer het.




*Figuur 17. Studie se voordeel en uitkoms*




*Figuur 18. Studie die student finansieel gebaat*

Die meeste van die studente (ongeveer 70%) is van mening dat hulle studie hulle gehelp het om 'n werk te kry en om hulle ouers of familie trots te maak, asook dat dit hulle loopbane bevorder het om 'n beter salaris te verdien (60%) en selfvertroue gegee het. Ongeveer 70% van die deelnemers het aangedui dat hulle studie hulle definitief in 'n beter finansiële posisie geplaas het.




*Figuur 19. Maandelikse salaris voor kwalifikasie*




*Figuur 20. Maandelikse salaris na kwalifikasie*

*Tabel 2. Vergelyking van salarisse voor - en na kwalifikasie verwerf*

| Maandelikse salaris voor studie? | Aantal per maandelikse salaris voor studie | Aantal per maandelikse salaris na studie |
|---|---|---|
| Minder as R5 000 | 16 | 1 |
| Voorheen 'n skolier | 12 | 0 |
| Voorheen 'n student | 7 | 0 |
| Het nie gewerk nie | 6 | 0 |
| R5 000 tot R10 000 | 4 | 11 |
| R10 000 tot R15 000 | 2 | 9 |
| R15 000 tot R20 000 | 0 | 15 |
| R20 000 tot R25 000 | 0 | 5 |
| R25 000 tot R30 000 | 0 | 2 |
| Meer as R30 000 | 0 | 4 |
| Nie aangedui nie | 8 | 8 |
| Totaal | 55 | 55 |

Die meeste studente was voorheen werkloos, skoliere, studente of het minder as R5 000 per maand verdien (altesaam 88%). Na afloop van hulle studies verdien 32% van die deelnemers tussen R15 000 tot R20 000 per maand en 20% meer as R20 000 per maand.




*Figuur 21. Wyse waarop die studente hulle werk gekry het*

Die meeste van die studente het aangedui dat hulle gereageer het op 'n advertensiebetrekking (31%) vir 'n pos of dat hulle deur familie/vriende (27%) na die pos verwys is. 13% van die studente is deur 'n personeelagentskap vir die betrekking genader en 11% het deur 'n internskap hulle huidige betrekking gekry.




*Figuur 22. Veiligheid in werksposisie tans*

Die meeste van die studente (77%) voel gemaklik en gerus in hulle huidige werksposisie, terwyl 23% van die studente kommer en onsekerheid ervaar.

### 3.6 Studierigtings by instansies, lenings en betrokkenheid

*Tabel 3. Instansies waarby studente studeer het*

| Instansies waarby studente studeer het | Getal |
|---|---|
| Noordwes Universiteit | 10 |
| Universiteit van die Vrystaat | 7 |
| Universiteit van Pretoria | 5 |
| CPUT Wellington, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) | 4 |
| AROS, Sol-Tech, | 3 |
| Centurion Akademie, Face to Face, Stellenbosch Universiteit, UCT & UNISA | 2 |
| Akademia, CUT, IMM, Intec College, IT Academy, TUT, Nelson Mandela Universiteit, Netcare Education, Universiteit van Johannesburg, Universiteit van Wes-Kaap, Xela College of Design | 1 |




*Figuur 23. Instansies waar studente studeer het*




*Figuur 24. Persentasie studierigtings van die studente*

Die meeste van die studente (20%) het aangedui dat hulle ’n onderwyskwalifikasie onderneem het. Die gewildste studie instansie was die Noordwes-universiteit Potchefstroom (18%) en die Universiteit van die Vrystaat (13%) in ’n kwalifikasie in die ekonomiese- en bestuurswetenskappe (15%), in gesondheidswetenskappe (13%) of informatika of landbouwetenskappe (beide 11%).




*Figuur 25. Aansoek om hulp by ander instansies*




*Figuur 26. Hulp om ekstra onkoste te dek*

Aangesien die Studiefondssentrum slegs rentevrye studielenings aan studente gee, is daar wel onkoste waarin die SFS nie voorsien nie. Studente moet dan soms elders aansoek doen om hierdie koste te dek. Ongeveer 30% van die studente het aangedui dat hulle by die bank ’n lening uitgeneem het en 11% het by NSFAS of privaat beurse ook aansoek gedoen. Alle ander onkoste is deur hulp van families (62%), ’n banklening of deeltydse werk (ongeveer 30%) gedek.




*Figuur 27. Die SFS aanbeveel*




*Figuur 28. Studielenings afbetaal*

Byna al die studente (98%) sal die SFS by hulle familie of vriende wat graag wil studeer, aanbeveel. Die meerderheid van studente (64%) moet nog hulle studielening afbetaal.




*Figuur 29. Belangstelling in tak-betrokkenheid*




*Figuur 30. Betrokke by HH-projekte*

As deel van die onderskrywe om vir ’n gemeenskapstudiefonds aansoek te doen, moet die student tydens sy studie by ’n Helpende Hand-tak inskakel. Byna die helfte van die deelnemers het aangedui dat hulle belangstel om by ’n Helpende Hand-tak in te skakel, maar slegs 5% het wel by die tak en Helpende Hand se projekte betrokke geraak.




*Figuur 31. Studente by tak ingeskakel*




*Figuur 32. Projekte wat die grootste verskil maak*

’n Klein hoeveelheid van die studente was betrokke by die takke in die Vrystaat, Bloemfontein, Potchefstroom en in Pretoria (ongeveer 13%). Die Kosblikkie-projek was die gunsteling projek onder die deelnemers (45%) omdat hulle meen dit die grootste verskil maak, maar ’n gebrek aan betrokkenheid by die takke en projekte lei ook tot ’n gebrek aan kennis oor die verskeidenheid projekte wat Helpende Hand bestuur.




*Figuur 33. Betrokkenheid by die SFS*




*Figuur 34. Ondersteuning van die Beweging*

Meer as 30% van die studente het aangedui dat hulle Helpende Hand finansieel sal wil ondersteun en verder betrokke wil raak by die SFS om ander studente te help om ’n tersiêre kwalifikasie te bekom en hulle lewenskwaliteit te verbeter. ’n Kwart van die studente is reeds ’n AfriForum- of Solidariteit-lid.

### 3.7 Motivering om te emigreer




*Figuur 35. Belangstelling in emigrasie*

Meer as die helfte van die studente (62%) sal graag eendag wil emigreer of oorweeg dit tans. 5% van die studente het reeds emigreer en 2% is tans in die proses. Daarenteen meen slegs 31% van die studente dat hulle steeds in Suid-Afrika, met al sy uitdagings, wil bly.




*Figuur 36. Verandering nodig in SA*

Byna al die studente is van mening dat daar drastiese verandering in Suid-Afrika nodig is vir ons mense om nie elders 'n toekoms te gaan soek nie. Die meeste studente het aangedui dat korrupsie gekortwiek moet word (80%), en dat daar gelykheid en regverdigheid moet geskied ten opsigte van werksgeleenthede, asook dat die veiligheid van ons mense verseker moet word (beide ongeveer 65%). Swart Ekonomiese Bemagtiging (40%) en die tekort aan heropleiding ("reskilling") van ons mense se vaardighede (20%) is onder andere redes waarom so baie mense emigrasie na ander lande oorweeg.




*Figuur 37. Trekpleister om te emigreer*




*Figuur 38. Trekpleister om in SA te bly*

Die grootste motivering om te emigreer is omdat die deelnemers van mening is dat ander lande 'n sekerheid oor hulle toekoms vir hulle gesin kan bied (55%), terwyl die grootste motivering vir mense om in SA te bly hulle vriende en familie is, wat hulle nie wil agterlaat nie (76%).

## 4. Samevatting

Hierdie verslag bied ’n opsomming en verwerking van data wat ingesamel is uit ’n aanlyn vraelys wat die SFS se afgestudeerde studente voltooi het.

Die samevatting van die resultate word in die volgende kollys uitgedruk:

*Die demografie van die studente*:

- Die grootste aantal deelnemers woon in Gauteng en in die Wes-Kaap (beide 24%). Die tweede grootste groep deelnemers woon in die Vrystaat (15%), in die Noordwes (13%) en in Mpumalanga (11%).

- Die deelnemers is byna in ewewig met 51% vroulike studente, met die grootste persentasie (54%) van studente tussen die ouderdom van 25 en 29 jaar. 36% van die studente is tussen 21 en 24 jaar oud en 10% van die studente is ouer as 30 jaar.

- Dit meerderheid van die deelnemers (65%) is steeds ongetroud en het nog geen kinders (87%) nie. 29% van die studente is getroud, waarvan 13% van die deelnemers 1 tot 2 kinders het.

- Die meerderheid van die studente (56%) het na afloop van hul studie ’n Baccalaureusgraad verwerf. 18% van die studente het ’n hoër sertifikaat of diploma onderneem en 15% het ’n Honneursgraad verwerf.

- Die meeste van die studente woon tans in ’n woonstel (49%), waarvan 31% die woonstel met ander deel. Ongeveer 30% het aangedui dat hulle in ’n huis woon saam met hulle huweliksmaats of gesinne en 20% het aangedui dat hulle nog by hulle ouers woon.

- Die meeste studente (89%) is bevoorreg om hulle eie voertuig te besit. Enkele studente loop na hulle bestemming toe (5%) of besit ’n voertuig sonder ’n voertuiglisensie (4%) en 2% maak gebruik van ’n motorfiets.

- Die meeste van die deelnemers (58%) se ouers het ook ’n tersiêre kwalifikasie. Byna 75% van die deelnemers is van mening dat hulle in ’n beter finansiële posisie is as wat hulle ouers op

dieselfde ouderdom was. Ongeveer ’n kwart van die studente (26%) meen dat hulle ouers in ’n beter finansiële posisie was as wat hulle is.

- Die meeste van die studente (75%) is in ’n voltydse beroep. 15% van die studente het aangedui dat hulle verder studeer en 7% van die deelnemers soek tans ’n werk.

*Die werksaamhede van die studente*:

- Die meeste van die studente (77%) werk tans in die studierigting waarin hulle studeer het.

- Die grootste groep deelnemers is onderwysers (27%). Verder is daar enkele beroepe soos inligtingstegnologie (7%) en bourekenkunde, rekeningkunde, regte, bestuur en omgewingsbestuur (almal 5%). Die res van die beroepe bestaan verder uit ambagte, eiendom en verpleegkunde (4%). Die res van die betrekkings is slegs enkele persone wat ’n spesifieke beroepe beklee.

- Byna die helfte van die studente (42%) was reeds in ’n voltydse beroep voordat hulle studeer het. Meer as ’n kwart van die studente (29%) het binne ’n maand nadat hulle hul kwalifikasie verwerf het, ’n werk gekry en 13% van die studente binne drie maande nadat hulle afstudeer het. Die meeste van die studente (87%) werk al tussen 1 en 5 jaar nadat hulle afstudeer het.

- Die meeste van die studente (ongeveer 70%) is van mening dat hulle studie hulle gehelp het om ’n werk te kry en om hulle ouers of familie trots te maak, asook dat dit hulle loopbane bevorder het om ’n beter salaris te verdien (60%) en selfvertroue gegee het. Ongeveer 70% van die deelnemers het aangedui dat hulle studie hulle definitief in ’n beter finansiële posisie geplaas het.

- Die meeste studente was voorheen werkloos, skoliere, studente of het minder as R5 000 per maand verdien (altesaam 88%). Na afloop van hulle studies verdien 32% van die deelnemers tussen R15 000 tot R20 000 per maand en 20% meer as R20 000 per maand.

- Die meeste van die studente het aangedui dat hulle gereageer het op ’n advertensiebetrekking (31%) vir ’n pos of hulle is deur familie/vriende (27%) vir die pos verwys. 13% van die studente is deur ’n personeelagentskap vir die betrekking genader en 11% het deur ’n internskap hulle huidige betrekking gekry.

- Die meeste van die studente (77%) voel gemaklik en gerus in hulle huidige werksposisie, terwyl 23% van die studente kommer en onsekerheid ervaar.

*Die studievelde en befondsing van die studente*:

- Die meeste van die studente (20%) het aangedui dat hulle ’n onderwyskwalifikasie onderneem het. Die gewildste studie instansie was die Noordwes-universiteit in Potchefstroom (18%) en die Universiteit van die Vrystaat (13%) in ’n kwalifikasie in die ekonomiese- en bestuurswetenskappe (15%), in gesondheidswetenskappe (13%), in informatika of landbouwetenskappe (beide 11%).

- Aangesien die Studiefondssentrum slegs rentevrye studielenings aan studente gee, is daar wel onkoste waarin die SFS nie voorsien nie. Studente moet dan soms elders aansoek doen om hierdie koste te dek. Ongeveer 30% van die studente het aangedui dat hulle by die bank ’n lening uitgeneem het en 11% het by NSFAS of privaat beurse aansoek gedoen. Alle ander onkoste is deur familie-hulp (62%) of ’n deeltydse werk (ongeveer 30%) gedek.

*Die verbintenis met die SFS of Helpende Hand*:

- Byna al die studente (98%) sal die SFS by hulle familie of vriende wat graag wil studeer, aanbeveel. Die meerderheid van studente (64%) moet nog hulle studielening afbetaal.

- As deel van die onderskrywe om vir ’n gemeenskapstudiefonds aansoek te doen, moet die student tydens sy studie by ’n Helpende Hand-tak inskakel, maar slegs 5% het aktief by die tak en Helpende Hand se projekte betrokke geraak.

- Die Kosblikkie-projek was die gunsteling projek onder die deelnemers (45%) omdat hulle meen dit die grootste verskil maak, maar ’n gebrek aan betrokkenheid by die takke en projekte lei ook tot ’n gebrek aan kennis oor die verskeidenheid projekte wat Helpende Hand bestuur.

- Meer as 30% van die studente het aangedui dat hulle Helpende Hand finansieel sal wil ondersteun om ander studente te help om ’n tersiêre kwalifikasie te bekom.

*Die motivering om te emigreer of in SA te bly:*

- Meer as die helfte van die studente (62%) sal graag eendag wil emigreer of oorweeg dit tans. 5% van die studente het reeds emigreer en 2% is tans in die proses. Daarenteen meen slegs 31% van die studente dat hulle steeds in Suid-Afrika, met al sy uitdagings, wil bly.

- Byna al die studente is van mening dat daar drastiese verandering in Suid-Afrika nodig is vir ons mense om nie elders ’n toekoms te gaan soek nie. Die meeste studente het aangedui dat korrupsie gekortwiek moet word (80%), dat daar gelykheid en regverdigheid moet geskied ten opsigte van werksgeleenthede en dat die veiligheid van ons mense verseker moet word (beide ongeveer 65%). Swart Ekonomiese Bemagtiging (40%) en die tekort aan heropleiding (“reskilling”) van ons mense se vaardighede (20%) is onder andere redes waarom so baie mense emigrasie na ander lande oorweeg.

- Die grootste motivering om te emigreer is omdat die deelnemers van mening is dat ander lande ’n toekomssekerheid vir hulle gesin kan bied (55%), terwyl die grootste motivering vir mense om in SA te bly hulle vriende en familie is (76%) wat hulle nie wil agterlaat nie.

Die resultate van hierdie verslag kan uiters doeltreffend aangewend word om aan ons goedgunstige donateurs en vrywilligers in gemeenskappe insig in hulle investering te gee en om ons strategie uit te brei om nog meer studente in hulle gemeenskappe te help om ’n tersiêre kwalifikasie te bekom.


**Tel:** 012 111 8360 **E-pos:** diens@helpendehand.co.za • **Posadres:** Posbus 8766, Centurion, 0046 • **Direkteure:** Flip Buys (PJW) Voorsitter, Dr. Dirk (DJ) Hermann, Hannes (JG) Nöeth (Uitvoerende Hoof), Frik (FJ) Cronje, Frans (FJD) de Klerk, Albert (AP) van Zyl, Anton (AD) Smith, Steve (SL) ScottJohan (DT) Böning, Louis (LJ) van Heerden • **Maatskappy sonder winsoogmerk** - Reg.no: 2005/026334/08 046-086-NPO PBO 93001 8015